



Vak: Graad 7 Afrikaans
Onderwerp: Afrikaans: Kwartaal 2 - Eksamen 1
Totaal: 98 Punte

Naam: _____
Datum: _____

Vraag 1: Veelvuldige Keuse

4 punte

Ons gebruik 'n **uitroepsin** om ... aan te toon.

- | | |
|----------|-------------|
| A | verbasing |
| B | 'n vraag |
| C | liefde |
| D | woordsoorte |

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

As jy 'n **vraag** in die ontkennde vorm beantwoord, moet jy met "**Nee...**" begin.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte sinonieme ("synonyms") vir die onderstreepte ("underlined") woorde:

Ek en my vriende loop (1) in die buurt (2) op Saterdag rond.

Opsies Is: stap | hardloop | woongebied | huis | tuin

1		2	
----------	--	----------	--

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 4, 5

"Muskiete-jag" - A.D. Keet

Jou vabond, wag, ek sal jou kry,
Van jou sal net 'n bloedkol bly
Hier op my kamermure.
Deur jou vervloekte gonsery,
Deur jou gebyt en plagery
Kon ek nie slaap vir ure.

5

Mag ek my voorstel, eer ons skei,
Eer jy die doodslag van my kry -
My naam is Van der Merwe.



Muskiet, wees maar nie treurig nie, **10**
Wees ook nie so kieskeurig nie.
Jy moet tog ééndag sterwe.

Verwekker van malaria,
Sing maar jou laaste aria
Nog een minuut vir grasie. **15**
Al soebat jy nou nóg so lang,
Al sê jy ook: ek is nie bang,
Nooit sien jy weer jou nasie ...


Hoe sedig sit hy, O, die krengr!
Sy kinders kan maar kranse bring, **20**
Nóú gaan die vabond sterwe ...
Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dóód sal hy, sowaar, ek sweer -
My naam is Van der Merwe!

Woordelys:

vabond - wretch
bloedkol - blood spot
vervloekte - cursed
gonsery - buzzing
plagery - plaguing / bothering
doodslag - deathly blow
treurig - sad
kieskeurig - picky
verwekker - creator
grasie - grace
sedig - modest
kranse - wreaths

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 4





Vraag 4: Waar/Onwaar

2 punte

Die spreker is baie lief vir die muskiet.

WAAR

ONWAAR

Vraag 5: Waar/Onwaar

2 punte

Die klankbeeld wat in versreël 22 gebruik word, is klanknabootsing.

WAAR

ONWAAR

Vraag 6: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Skryf een woord vir die onderstreepte woorde:

Die (1) wat stom en doof is en (2) wat haar geld spaar vrou, is baie ryk en slim.

Opsies is: geldgierige | stomdoof | spaarsamige | stokdoof | armsalige | doofstom

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 7: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Skryf die volgende sin oor, maar vervang want met omdat.

Die man is moeg, want hy het laat gewerk.

--

Vraag 8: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die antoniem vir die onderstreepte woord:

Die meisie het mooi lang hare.

- | | |
|----------|------------|
| A | blink |
| B | swart |
| C | kort |
| D | krullerige |

Vraag 9: Skryf Jou Antwoord

2 punte

Voltooi die vergelyking:

So oud soos die

--



Vraag 10: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee 'n sinoniem vir die onderstreepte woord:

Die onvriendelike man groet soggens niemand nie.

Tik slegs een woord.

Vraag 11: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte woord om die sin in die verlede tyd te voltooi:

Ek het 'n SMS vir my vriend

- | | |
|----------|-----------|
| A | stuur |
| B | gestuur |
| C | wil stuur |
| D | sal stuur |



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 12
"Harlekyn van die dieretuin" deur S.J. Pretorius

Hy sien die agies ...

Dan wip hy, skielik mal
van paal na klip,
van klip na krip
en spat water **5**
venynig woes
dat almal keer en koes

maar as hulle skater
vat hy die sak en vou
dit oor sy hoof; **10**
verlate op 'n ashoop rou
hy oor wat hulle van hom roof,
ver vlaktes en blou dolomiet:

'n hopie grys verdriet.

Woordelys:

harlekyn - clown
agies - curious people
venynig - viciously
skater - laugh loudly
hoof - head
ashoop - rubbish dump
rou - mourn
roof - rob
dolomiet - dolomite
verdriet - sorrow

Vraag 12: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Versreël 4 ("van klip na krip") is 'n voorbeeld van (1) en (2) .

Antwoord in alfabetiese volgorde.

Opsies Is: metafoor | personifikasie | alliterasie | vergelyking | assonansie

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte antoniem vir die woord "vroeg" en kies die korrekte sinoniem vir die woord "dadelik":

Ek het **vroeg** (1) by die huis aangekom en moes **dadelik** (2) met my huiswerk begin.

Opsies Is: laat | onmiddellik | later | meer dadelik | vroeër

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Om die "aap uit die mou te laat" beteken om 'n geheim te verklap.

WAAR

ONWAAR

Vraag 15: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Gee die korrekte vorm van die **trappe van vergelyking** van die byvoeglike naamwoord in die volgende sin:

Die Graad 5's leer **baie** vir hul eksamen, maar die Graad 6'e leer (1) as hulle en die Graad 7's leer die (2) .

Opsies Is: baier | meeste | baieste | meer

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 16: Skryf Jou Antwoord

3 punte


Kies die korrekte spelling van die **byvoeglike naamwoord** in die sin:

Die (**wrede/wreede**) man mishandel sy troeteldiere.

--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 17



Vraag 17: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Skryf die volgende sin oor in die bedrywende vorm:

Die bal word deur die seun geskop.

[illegible]

3 punte

--

3 punte

Hou tieners nog baie van partytjies?

--

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 20

My naam is Lydia. Ek het 'n nuwe Samsung selfoon vir my verjaarsdag gekry. Ek gebruik dit om met my goeie vriende te gesels op Whatsapp en Mxit en gaan ook daarmee op die internet. Ek gebruik dit om my ouers te bel as ek hulle nodig het. My vorige foon was 'n Blackberry, maar ek hou baie meer van my nuwe foon. Al die leerders in my klas het 'n selfoon, maar Mevrouw van Zyl sê ons mag nie ons fone in die klas gebruik nie. Dit is lekker om speletjies op my foon te speel, maar ek mag dit net doen as my huiswerk klaar is, anders raak my ma smoorkwaad.

Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kyk na die aangehegte teks:

Watter woordsoort is die woord "goeie" in die volgende sinsdeel?

"Ek gebruik dit om met my goeie vriende te gesels. (1) "

Die woord, goeie, vertel jou meer van die woord, (2) .

Opsies Is: voornaamwoord | byvoeglike naamwoord | vriende | gebruik

1	
----------	--

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 21



Vraag 21: Veelvuldige Keuse

4 punte

So maer soos 'n

- | | |
|----------|----------|
| A | plank |
| B | stok |
| C | windhond |
| D | kraai |

Vraag 22: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter van die volgende intensiewe vorme is NIE 'n intensiewe vorm van die woord "vars" nie?

- | | |
|----------|------------|
| A | douvars |
| B | oggendvars |
| C | kraakvars |
| D | neutvars |

Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee 'n sinoniem vir die onderstreepte woord:

Die onvriendelike man groet soggens niemand nie.

--

Vraag 24: Waar/Onwaar

2 punte

As iemand "hoog in die takke" is, beteken dit dat hy baie gelukkig is.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte woorde sodat die sin in die toekomstige tyd is:

Die muis (1) vir die slang (2) wegkruip.

Opsies Is: het | is | sal | gaan | moet | sou

1		2	
----------	--	----------	--



Vraag 26: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Voltooi die sin:

Hy sal hemel en ... beweeg om sy doel te bereik.

Vraag 27: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter woordsoort ("part of speech") beskryf mense se gevoelens ("feelings")?

- | | |
|----------|-----------------------------------|
| A | selfstandige naamwoorde |
| B | abstrakte selfstandige naamwoorde |
| C | eiename |
| D | lidwoorde |

Vraag 28: Veelvuldige Keuse

4 punte

Wanneer ons 'n stelling wil maak, gebruik ons 'n

- | | |
|----------|------------|
| A | vraagsin |
| B | stelsin |
| C | uitroepsin |
| D | bevelsin |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 29



Vraag 29: Waar/Onwaar

2 punte

In die lydende en bedrywende vorm dui die woorde "WORD", "IS" en "SAL" die tyd waarin die sin geskryf is, aan.

Die volgende sin is in die **verlede tyd** geskryf:

Piet SAL die gras sny.

WAAR

ONWAAR

Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Piet wil weet (1) Anne die (2) sal saamgaan see toe.

Opsies Is: as | of | vorige dag | volgende dag | toe

1

2



